

NATIONAL MUSEUM NEWS NASIONALE MUSEUM NUUS

OCTOBER
OKTOBER

1977

NO.
NR.

13

GRATIS eksemplare van hierdie ses-maandelike *Nuusbrief* is verkrygbaar van
DIE DIREKTEUR,
NASIONALE MUSEUM,
POSBUS 266,
BLOEMFONTEIN 9300

Enige inligting sowel as foto's kan oorgeneem word met erkenning van die bron.

FREE copies of this bi-annual *Nuusbrief* is obtainable from:
THE DIRECTOR,
P.O. BOX 266,
BLOEMFONTEIN 9300

Any information, as well as photographs may be reprinted with acknowledgement of the source

20 JULIE 1977: Opening van die eerste Raadsaal - 'n fotobeeld

Op 20 Julie 1977 is die Nasionale Museum se eerste eeu op feestelike wyse afgesluit. Dié verrigtinge het plaasgevind by die historiese Eerste Raadsaal in St. Georgesstraat waarin die Museum 100 jaar gelede gedebuteer het.

In sy verwelkomingswoord het prof. R. van Pletzen, Voorsitter van die Raad van die Museum hulde gebring "aan daardie klein groepie manne onder Voorsitterskap van Hooftregter F.W. Reitz wat op 20 Julie 1877 met feitlik net die moed van hul oortuiging en geloof in die toekoms oorgegaan het tot die stigting van die Nasionale Museum". Prof. van Pletzen het ook die agtergrond geskets van die Raad se volgehoue pogings om die Eerste Raadsaal wat tot 1915 as Museum diens gedoen het te verkry en onder meer gesê: "Tydens 'n vergadering van die Raad van die Nasionale Museum op 19 November 1971 het die Direkteur van die Museum 'n pleidooi gelewer vir die verkryging, bewaring en behoud van die Eerste Raadsaal as integrale deel van die Museum om dit sodoende uit die vergetelheid te ontruk en as lewende historiese monument terug te plaas in ons volkshuishouding. Die Raad was eenparig ten gunste van hierdie voorstel. Onderhandelinge het dadelik



Na die opening van die Eerste Raadsaal besigtig Sy Edele A.L. Schlebusch, Minister van Openbare Werke (regs), professor R. van Pletzen, Voorsitter van die Raad van die Museum (links) en die Direkteur mnr. Hannes Oberholzer, van die uitgestalde stukke wat die gebruik van hierdie saal as eerste N.G.-Kerk in Bloemfontein uitbeeld.

Volksblad

Volksblad



begin, oortuigingswerk moes op verskeie vlakke gedoen word maar struikelblokke was daar genoeg. Dit het uiteindelik 'n volle vier jaar geneem voordat die groen lig vir hierdie projek helder en duidelik kon brand. Danksy finansiële en ander bydraes deur vriende van die Museum, die samewerking van die Streekvertegenwoordiger en personeel van die Departement van Openbare Werke en die baie harde en geïnspireerde en toegewyde werk van die personeel van die Nasionale Museum is die aanvanklike ideaal met die restaurasie en heringebruikneming van hierdie gebou soos wat dit tydens die 1971 vergadering van die Raad gevisualiseer is, nou bereik".

Die amptelike heringebruikneming van die gerestoureerde Eerste Raadsaal en opening van die uitstallings is waargeneem deur Sy Edele A.L. Schlebusch, Minister van Openbare Werke. In sy toespraak het die Minister 'n insiggewende

oorsig gegee van restaurasiewerk aan Staatsgeboue waarby sy Departement betrokke is - die Kruger Sterfhuys in Clarens, Switserland is ook in hierdie kategorie. Aan die restaurasie van die ou Presidensie in Bloemfontein is R190 000,00 reeds bestee en die totale koste word op R600 000,00 geskat. Die kosteberaming vir die ou Poskantoor op Kroonstad se herstel kom op R62 000,00 te staan.

Die Minister het voorts 'n oorsig gegee van die historiese gebeurtenisse wat in en om die Raadsaaltjie plaasgevind het soos ook uitgebeeld is in die uitstallings.

Aan die einde van sy toespraak het Minister Schlebusch 'n sonwyster (foto links) onthul ter herdenking van die honderdste verjaarsdag van die Museum en heringebruikneming van die Eerste Raadsaal as integreerende deel van die Nasionale Museum.

Voor restourasie ... en daarna



J.O.P.

Links en Middel:

Die Museum het self die restourasie van die Raadsaal onderneem. Die verwydering van die oorhoofse drade en vervanging van die pale met outydse lamppaaltjies bring 'n groot verbetering mee aan die voorkoms van die gebou.

Die Museum het in hierdie historiese gebou ge-debuteer en was daarin gehuisves tot 1915. In daardie jaar het dit die middelste gedeelte van die huidige gebouekompleks te Alwalstraat 36 betrek.

Daar het dus 62 jaar verloop alvorens die Raad-saal met sy sysale, wat in 1885 en 1891 vir museumdoeleindes aangebou is en intussen on-der meer as kantore, 'n dansskool en ontspan-ningsaal gebruik is, weer amptelik deel van die Nasionale Museum geword het.

Middel Links:

Die stuurman van die Vryburgers van Bloem-fontein dr. C. Brink (regs) skenk die vlag van die Republiek van die Oranje-Vrystaat aan die Direkteur van die Museum 'n Vlag van die R.S.A. is ook deur die Vryburgers geskenk. Beide vlae is op die openingsdag gehys en sal in die toekoms op dae van besondere historiese betekenis by die Raadsaal wapper.



Friend



J.O.P.



Links:

Die oopsluit-seremome van die Eerste Raadsaal is waargeneem deur mev I. Schlegel, egge-note van die Minister van Openbare Werke.

Regs:

Johan Reyneke, kunstenaar van die Museum besig met die modellering van 'n borsbeeld van Majoor Henry Douglas Warden, Eerste Britse Resident in Transoranje en stigter van Bloem-fontein in 1846. Die voltooidé beeld is op ut-stalling in die Eerste Raadsaal.



Volksblad

Regs en Middel

Die Raadsaal as Nasionale Museum omstreeks 1900 en na restaurasie in 1977. Die plankvloer en plafon wat op versoek van die Museumraad in die Raadsaal geïnstalleer is, is in 1929 verwyder toe die gebou op aandrang van Regier Jacob de Villiers opgeknip is. Die uitstallings wat tans in die Eerste Raadsaal besigtig kan word, beeld die gebruik van die gebou uit as skool, kerk en vergaderplek van die Wetgewende Raad van die Oranjévier Soewereiniteit en die Vrystaatse Volksraad.



Middel Regs:

Audrey van Eeden, kunstenaar van die Museum besig met afrondingswerk aan die reliëfkaart van Bloemfontein 1851

Onder:

Op een van die uitstallingspanele in die sissaal word die verhaal uitgebeeld van die stigter van Bloemfontein, Majoör Henry Douglas Warden.



J.O.P.



J.O.P.



J.O.P.



J.O.P.

baie dankie

Die Raad van die Nasionale Museum bedank graag die volgende persone en instansies vir finansiële en ander bydraes tot hierdie projek.

The Council of the National Museum wishes to thank the following persons and instances for contributions in cash or kind towards this project.

Die Streekvertegenwoordiger en Personeel, Departement Openbare Werke

Die Streekdirekteur en Personeel, Departement Pos- en Telekommunikasiewese

Die Stadsraad van Bloemfontein – geld en lamppale

Barclays Nasionale Bank Bpk. – geld

Mnr. J. Bolt, E.E. Bolt & Seuns – plaveisel en son-wyster

Caltex-Olie S.A. (Edms) Bpk. – geld

Corium Chemicals – water-digting

Corobrick Vrystaat Bpk. – geld

Die Ou Mutual – geld

Sarel de Bruin, Argitek – planne en advies

Dr. R. Rautenbach – geld

Mnr. H. Korrubel – vrywillige dienste

Die Vryburgers van Bloemfontein – vlae

Primêre Skool, Ficksburg – geld

Sekondêre Skool, Clocolan – geld

Sekondêre Skool Hendrik Potgieter, Reddersburg – geld

Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein – geld

Sekondêre Skool, Zastron – geld

Sentrale Volksskool, Kroonstad – geld

Die Vrystaatse Koperblasers

Die koor van die Primêre Skool Grey Kollege

Die kwekery van die Departement Openbare Werke

Die Kommandement O.V.S. – stoele, tafels en tente

Die S.A. Spoorweë – seile

Acrow Engineers Edms. Bpk. – pype

Die personeel van die Museum – uitmuntende dienste



J.O.P.

Links:

Die rooi posbus wat sowat vyftig jaar lank voor die Eerste Raadsaal diens gedoen het en later verwyder is, is op versoek van die Museum deur die Departement Pos- en Telekommunikasiewese gerestoureer en in diens teruggeplaas. Iets interessants omtrent die posbus is die bewoording ORANJE VRIG STAAT wat daarop verskyn. 'n Afleiding wat mens daaruit maak is dat iemand destyds by die gieterij in Engeland waar die posbus gemaak is, nie kon glo dat dit ORANJE VRIJ STAAT moes lees nie en toe die bewoording verengels het.



J.O.P.

Middel:

Prof. P.J. Nienaber (links), Direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum skenk sy persoonlike eksemplaar van die "Trap der Jeugd" (1850) aan die Direkteur van die Nasionale Museum mnr. Hannes Oberholzer vir uitstalling in die Eerste Raadsaal.

Regs:

Gedeeltes van die uitstalpaneel waarop die Eerste Raadsaal as vergaderplek van die Vrystaatse Volksraad en die samestelling van die Vrystaatse vlag en wapen uitgebeeld word.

Handmade Lace

Precious pieces of handmade lace from the Anglican Church form part of a new display in the hall for historical costume. This lace was recently found by the Very Reverend A.H. Cross, Dean of the Church in Bloemfontein, in a box behind the altar in the Cathedral.

On the accompanying photograph a church member Miss P. Marshall, Mrs Mimi Pretorius of the Museum and the Dean display a magnificent piece of Devonshire lace, which is over 100 years old and is valued at R4 000. The cloth consists of bobbin lace and needlepoint – even the tulle is handmade – and was apparently made by a team of worksters.

Among other pieces of lace there is an exceptionally beautiful handkerchief of bobbin lace and needlepoint worth R100.

The Church wants to sell the lace and it is hoped that some organization or person in Bloemfontein will purchase it and donate it to the Museum.

Dringend Benodig

Skakel asseblief Bloemfontein 79609 indien u weet waar die Museum enige van die volgende items kan bekom:

*'n Stel outydse ivoorspoeltjies wat gebruik is om kant te klos

*'n Perdevasmaakyster – van die soort wat langs strate ingeplant was vir hierdie doel

* Outydse advertensieborde van emalje – enommel soos die ou mense gesê het – soos die wat onder meer Mazawattee tee en Atlantic petrol geadverteer het

*'n Egte naambord van 'n outydse skoenmakersbesigheid

*Die rame van outydse winkelvasters, veral die wat met koper beslaan is.



VOORBLAD:

Die spesiale datumstempel wat tydens die eeufeesviering van die Museum op 20 Julie 1977 by die Eerste Raadsaal in gebruik geneem is en permanent aldaar in gebruik bly.

COVER:

The special date stamp brought into use at the First Raadsaal on the centenary of the National Museum on 20 July 1977 and which will remain in permanent use.